Suid Afrikaanse Woonwa Assosiasie

# Suikerbosrand Suikerbekkie

S.A.W.A.
S.A.C.A.






# SPRINGS



## PETS & BIRD PARK

011 811 2666

Accessories
- Pet food & Kennels
- Cat Litter
- Pet Toys & Accessories
- Fish Tanks & Accessories
- Reptile Tanks &
- Accessories

Pets
- Dogs
- Cats
- Assortments of Birds & Fish
- Reptiles
- Rats & Mice



Gert Wolmarans
082 374 8797



47 Geduld Road.
Next to Paul Kruger Highway, Geduld Ext. Springs

van Breda MOTORCYCLES

New & Pre-owned motorcycles

SUZUKI Way of Life!

BIG BOY
PIT BIKES • COMMUTERS • ATVs

Virgie Lavos

61/63 2nd Street, P.O. Box 701, Springs, 1560
Tel: 011 815 6726/7/8/9 Fax: 011 362 3773
A/H: 011 813 2734 Cell: 082 557 7095
vanbreda@netactive.co.za

# Nov 2015

INHOUDSOPGAWE

Oordenking……………………………….......1
Uit die Voorsitter se pen…………………...…2
Redaksie……………………………….......3
Bestuursinligting…………………………..4-5
Voogdelys…………...………………..……...6
Seniorburgerverslag…………....……………7
Lief en leed………………………………. 8-9
Stable Inn kamp verslag ………..……....10-14
Bloekompoort Kerskamp verslag……....15–18
Verjaarsdae & Huweliksherdenkings………19
Blommetoer verslag Deel 1..…….…….20- 21
Advertensieblad……………………………22
Humor……………………………………...23
Koffiekoek in tertpan…….…....…………...24
Knutselblad…………………………...…25
Smoushoekie……………………………..……26
Jaarprogram…………..…………....……..27



## Om tot God se beskikking te wees :

**EK IS TOT DIE BESKIKKING VAN DIE HERE. LAAT MET MY GEBEUR WAT U GESÊ HET.**

Lukas 1 : 38

Watter lofwaardige getuienis uit die mond van ‘n vrou wat baie swaar gekry het. Sy moes besef het hoe moeilik haar pad sou wees om die Seun van God groot te maak. Ons moet bid vir hierdie soort inskiklikheid om God te gehoorsaam. Dit is nie maklik nie. Dit kan nooit eenvoudig wees om God te dien nie. Tog verwag Hy gehoorsaamheid van ons. Meer nog, soos wat Hy Maria vertrou het met die allergrootste taak op aarde, naamlik om die Seun van God op te voed, so vertrou Hy jou en my ook om sekere take vir Hom te verrig. Daarby moet ons geëerd voel dat God ons goed genoeg ag om Hom te dien. Hy het ons, soos vir Maria, uitverkies om groot dinge in sy Naam te vermag. En soos Maria, moet ons ook onmiddellik en met vertroue op God se versoek reageer. Wie weet watter wonderlike dinge God kan vermag deur jou inskiklikheid en gewilligheid om Hom te gehoorsaam.

Amen

Sylvia de Kock



## Uit die Voorsitter se pen

Dagsê mede sawanante,
Ons staan al jaar einde se kant toe, en ons het ‘n goeie jaar gehad as dit by kamp kom. ‘n Mens het altyd uitgesien na die volgende kamp. Hier wil ek vir almal wat as kampkommandante opgetree het baie dankie sê vir al julle harde werk om dit altyd vir ons lede lekker te maak. Ek wil nie ‘n kamp uitsonder nie maar ek moet sê die afsluitings kamp by Bloekompoort was die hoogte punt vir my. Daar was regtig ‘n lekker gees onder mekaar en almal het in alles deelgeneem. Dankie aan die kampkommandante en almal wat ‘n deel daaraan gehad het.
Ek wil vir almal wat die voorreg het om met vakansie te gaan oor die feesseisoen, ‘n welverdiende rus toewens. Ry veilig en geniet elke oomblik. Hou SAWA se naam hoog as julle op die paaie is. Onthou dit is die “silly season” en almal is haastig om by hulle bestemming te kom en is ook baie onverskillig agter die stuur.
Ek wil al vroeg begin om ons lede te herinner aan die konfyte vir die Presidentesaamtrek oor die Paasnaweek, ek weet dit is nog ver maar die vrugteseisoen is om die draai. As daar van julle is wat graag konfytbottels soek dan moet julle net vir een van die bestuurslede kontak en ons sal sorg dat julle dit kry. Ons het hierdie jaar ‘n stewige bedrag oorbetaal kom ons kyk of ons dit volgende jaar ook kan doen.
Ons volgende kamp is in Januarie en dit is weer tyd om ‘n nuwe Burgermeesterspaar aan te kondig en hier wil ek almal uitnooi om saam te kom kamp. Daar is ook ‘n Seniorburgersaamtrek vanaf die Woensdag.
Ek wil graag almal ‘n Geseënde Kersfees en ‘n voorspoedige nuwe jaar toewens. Mag ons HEMELSE VADER ons bewaar en genadig wees sodat ons die nuwe jaar met nuwe krag kan aanpak en ons moet nie vergeet waaroor Kersfees gaan nie.

Tot ons volgende saamtrek
Veilig sleep
Virgie





## Redaksie

Liewe vriende.

So het ons alweer aan die einde gekom van nog ‘n jaar. ‘n Jaar gekenmerk deur lief en leed.

Ek wil graag nou van die geleentheid gebruik maak om elkeen te bedank vir die bydraes tot die Suikerbekkie vir die afgelope jaar en ja kom ons maak weer so vir die volgende jaar.

Ek wil ook almal ‘n geseënde Kersfees toe wens en ‘n voorspoedige 2016. Mag die nuwe jaar nuwe hoop bring, maar ook nuwe moed.

Kuier lekker saam met jul families en ry versigtig.

Groete tot volgende jaar.


Margaret

## ***Bestuursinligting***

| Ampsdraers | Adres | Kontakbesonderhede |
| --- | --- | --- |
| **Streeksvoorsitter**<br>Virgie Lavos<br> | Posbus 13160<br>**Geduld**, 1562 | 011 813 2734 (H)<br>011 363 3773 (F)<br>082 557 7095 (S)<br>virgie@tiscali.co.za |
| **Ondervoorsitter**<br>Johnny Randall<br> | Liebenberg<br>Straat 22<br>**Heidelberg**<br>1441 | 016 349 5661 (H)<br>084 580 8729 (S)<br>john.randall@absamail.co.za |
| **Sekretaris**<br>Jackie Lavos<br> | Posbus 13160<br>**Geduld**, 1562 | 011 813 2734 (H)<br>083 448 5831 (S)<br>virgie@tiscali.co.za |
| **Penningmeester**<br>Bettie Branken<br> | Johan vd<br>Merwe Rylaan<br>48 Visagie Park<br>1491 | 011 814 5289 (H)<br>083 230 8350 (S)<br>brankenem@telkomsa.net |




## ***Bestuursinligting***

| Ampsdraers | Adres | Kontakbesonderhede |
| --- | --- | --- |
| **Skakelbeampte**<br>**Mercia Combrink**<br> | Johan vd<br>Merwe Rylaan<br>53 Visagie Park<br>1491 | 011 814 5496 (H)<br>072 617 6999 (S)<br>merciacombrink@gmail.com |
| **Voorraad**<br>**Dries Brandt**<br> | Krisante Straat<br>26 Visagie Park<br>Nigel<br>1690 | 011 814 6394 (H)<br>083 234 9563 (S)<br>martiebrandt1@gmail.com |
| **Redakteur**<br>**Margaret Randall**<br> | Liebenberg<br>Straat 22<br>**Heidelberg**<br>1441 | 016 349 5661 (H)<br>072 766 7025 (S)<br>mags.randall@yahoo.com |
| **Seniorburger**<br>**Verteenwoordiger**<br>**Pieter Branken**<br> | Johan vd<br>Merwe Rylaan<br>48 Visagie Park<br>1491 | 011 814 5289 (H)<br>083 785 3365 (S)<br>brankenem@telkomsa.net |

# Voogdelys

| | |
|---|---|
| Virgie en Jackie Lavos | Willie en Ilona Dreyer<br>Johan en Heila le Roux<br>Andries en Miemmie Venter<br>Gert en Erika Scheepers |
| Johnny en Margaret Randall | Peter en Wilna Moore<br>Lionel en Mynah Randall<br>Ivan Randall<br>Rui en Annette Cajada<br>Klaas en Zhantell Smit |
| Pieter en Bettie Branken | Maria van Niekerk<br>Lourens en Beatrix Steyn<br>Johan en Elize van Heerden<br>Philip en Hettie Horn<br>Cookie Taljaard |
| Dries en Martie Brandt | Mike en Margaret van der Riet<br>Jan en Daleen Viljoen<br>Tinus en Daleen Strydom<br>Bertie en Wilma Herbst |
| Mercia Combrink | Toy en Marianne Kruger<br>Lukas en Annetjie van der Merwe<br>Kobie en Sophie Harmse<br>Cedric en Yolandé Strydom |





# Seniorburger Verteenwoordiger

**Seniorburger verslag**

So spoed die jaar 2015 na sy einde, en ek kan nie glo dat die Bloekompoortkamp ook die laaste seniorburgerkamp vir hierdie jaar was nie.

Hierdie kamp is ook weer goed deur die seniors bygewoon en ons verstaan dat dit ‘n baie lekker kamp was, ten spyte van die hittegolf en die sterk wind.
Ons gereelde SAWA besoekers het weereens hulle kant gebring.
Weens Bettie se ongesteldheid kon ons ongelukkig nie die kamp bywoon nie. Sy het ‘n draai in die hospitaal gemaak, maar dit gaan nou darem beter.

Dries het ‘n skouer-operasie ondergaan en ons glo dat dit ‘n groot sukses was.

Baie sterkte aan julle.

Gedurende die laaste kwartaal het ons oom Corrie Spies aan die dood afgestaan, alhoewel hy lanklaas gekamp het sal ons hom mis.
Die volgende seniorburgerkamp is 20-21 Januarie 2016 te Bloekompoort en almal word vriendelik genooi om die Nuwejaar saam met ons af te skop.

‘n Vreugdevolle Kersfees en ‘n baie voorspoedige Nuwejaar word elkeen toegewens.

Groetnis

Pieter

# Lief



Pieter en Bettie Branken se klein dogter Lea wat gebore is die 15 Oktober 2015.



Dries en Martie Brandt se dogter, Elma is getroud die 10 Oktober 2015 met Theo Billings.

Virgie en Jackie Lavos gaan oupa en ouma word.

*(Baie geluk. Red.)*



# Leed

Oom Corrie Spies is oorlede.
Lionel Randall het 'n draai in die hospitaal gemaak.
Pieter Branken en Dries Brandt was beide in die hospitaal vir operasies.

(*Ons dink aan elkeen en ons bid dat julle gou sal herstel, en dat die seer van die verlies van 'n geliefde gou sal genees. Red.)*

# Dankie Sê

"*Deur hierdie weg wil ek elkeen bedank vir die oproepe en boodskappies wat ek ontvang het tydens die hospitalisasie en aansterkingstyd. Julle liefde en belangstelling word opreg waardeer. Dit gee mens sommer 'n knop in die keel om te weet jy is deel van so 'n wonderlike SAWA-familie. Ek is lief vir julle almal.*" - Bettie.

---

"*Baie dankie aan elkeen vir al die boodskappies en telefoon oproepe tydens my operasie. Dit word opreg waardeer. SAWA groete*." - Dries en Martie

# Kampnuus

## Stable Inn

## 12 - 25 Oktober 2015

Wat ‘n naweek het ons nie gehad nie. Sommer ‘n paar seisoene in een naweek, Vrydag was dit nes skrop en lekker rib burgers is geniet toe was dit tyd om ons beursies by Bettie leeg te maak. Van ons het ons kanse gevat met die Bingo om die koevert met die groot noot te kry en Hester het dit toe gewen.

Saterdag was daar lekker ontbyt gemaak en lekker gekuier en ontspan voor die groot “Putt-Putt” wedstryd. Om streeks 13:30 het van ons maar gaan probeer om die baan aan te durf maar van die mense het besluit om liewer na die “Currie Cup” se finaal te kyk.

Later die middag moes daar aan die tente en “gazebos” vasgeklou word want daar kom  toe‘n stormagtige wind, maar gelukkig was daar nie skade nie en toe alles weer verby is, is die vure aangesteek en daar het die groot wedstryd tussen die Springbokke en die All Blacks ook van die mense gelok, maar later het almal weer lekker om die braai vure gekuier, toe kom die groot verrassing Phillp en Hettie se kleindogter, Chanté het vir ons kom lekker  musiek maak op haar klawerbord, maar die reën het dit so bietjie onderbreek. Baie dankie Chanté. Hou so aan, jy gaan dit nog ver bring.

Sondagoggend was dit tyd om stil te word en is daar na een van Andries Enslin se preke gekyk, toe was dit tyd vir die afsluiting en die wenner van die “Putt-Putt” wedstryd is aangekondig. Dit was maar naelskraap tussen ‘n klomp spelers, maar Dries het met die trofeë weggestap, mooi so Dries. Daar was ‘n paar “mamparras” ook. Die middag was dit weer tyd vir die groot ete net soos ons Suikerbosranders dit  kan doen.


Baie dankie aan almal wat die saamtrek bygewoon het en alles ondersteun het dit was regtig ‘n baie lekker kamp gewees.

(Virgie en Jackie)











**Vrydagaand Bingo en die wenners**








**Ons “ Putt–Putt ” spellers**



**Saterdagaand kuier**







**Sondag-oggend afsluiting**




**<u>Aansporings plaatjies</u>**






**<u>Lekker eetgoed en middagete was bedien Sondag</u>**



# Kampnuus

## Kerskamp Bloekompoort
## 13 - 15 November 2015

So breek daardie tyd van die jaar aan – afsluiting van die jaar se doen en late as ook fees te vier in herdenking van ons Verlosser se geboorte.

Aangenaam word ons verras by ons aankoms. Waens ingepak, maar ongelukkig nie almal van ons streek nie. Daar was 'n Ryhuis klub plus streek Overvaal teenwoordig. Die plek was nie so oorlaai wat staanplekke aan betref nie. Die elektrisiteit kon net nie die mas opkom die naweek nie. Hennie sal moet iets doen hieraan want die Ryhuisklub het besluit na die naweek kom hulle nie weer na Bloekompoort nie. Die risiko van skade aan toerusting is net te groot. Water was blykbaar ook met tye 'n probleem. Die wind het almal deur mekaar gewaai. Hopelik bring dit reën. Genoeg van die negatiewe.

Op baie fronte was ons verbaas. Eerstens die hoeveelheid gesinne wat opgedaag het vir die saamtrek. Na my berekening, 21 van hulle. Dit maak dit die moeite werd om 'n program te reël. Dankie almal vir julle samewerking. Aan die wat nie daar was nie, ons dra kennis dat daar van julle was wat se harte gebrand het om daar te wees ,maar as gevolg van omstandighede nie daar kon wees nie, sê ons net hoop om julle volgende jaar daar te sien. As die Here ons lewens spaar maak ons weer so.

Tweedens, oor almal se deelname in die opmaak van hulle waens vir die kers gevoel. Die waens het eenvoudig geskitter na die son gesak het. Werklik 'n feestelike atmosfeer. Pryse is uitgeloot vir die mooiste versierde wa. Ons het drie pryse gehad, maar daar was vier wat in aanmerking gekom het. Gou was daar oplossing met nog 'n prys. Geluk aan Kobie, Cedric, Mike en Blou Bul en julle se gades met julle wen. Ek kan voorsien dat volgende jaar die kompetisie nog strawwer gaan wees noudat die norm gestel is.

Dan die aand se verrigtinge. Was maar vooraf benoud oor die deelname. Wat ‘n verrassing toe ons die deur oopmaak en almal staan daar opgetooi. Man was dit nou vir jou ‘n lekker gevoel. Almal in die regte stemming. Kos was heerlik en die atmosfeer fantasties. Na verneem word is daar so ietsie van ‘n mylpaal behaal - niemand het vroeg geloop nie en selfs laat aand was daar nog gekuier. Aloha, welgedaan almal. Dis hoe ek Sawanante ken – spontaan en vriendelik.

Sondag se afsluiting was ook ‘n belewenis met die gebruiklike Enslin boodskap en dan word elke Jan rap en sy maat aangetree vir ‘n boetetjie. Philip was ons genadig alhoewel daar rede was om boetes uit te deel, het hy besluit om dit nie te doen nie. Dries kon egter nie die kans ontsien om die man van die gereg, Mike, wat met ‘n “onwettige voertuig – sonder lisensie rondry” tot verantwoording te roep. Ek verneem Dries sal moet lig loop vir padblokkades, miskien is daar ‘n “surprise” vir hom op pad.

Ag nou ja nie lank hierna, met groot traagheid, moes ons die lelike stukkie musiek van vallende pale aan hoor. Weereens baie dankie aan almal, dit was ‘n wonderlike saamtrek.

Tot volgende keer, wederom. Veilig sleep en geniet dit as julle op vakansie gaan en kom weer veilig tuis. Aan almal ‘n baie Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar.

(Jan Viljoen)














































# Verjaarsdae

10 Desember  Johnny Randall
11 Desember  Marianne Kruger

1 Januarie  Johan Le Roux
19 Januarie  Ilona Dreyer
20 Januarie  Philip Horn
21 Januarie  Toy Kruger

5 Februarie  Daleen Strydom
5 Februarie  Margaret vd Riet
9 Februarie  Mynah Randall
10 Februarie  Mercia Combrink
12 Februarie  Jackie Lavos
19 Februarie  Erika Scheepers
20 Februarie  Margaret Randall

# Huweliksherdenking

12 Desember  Willie en Ilona Dreyer
13 Desember  Rui en Annette Cajada
14 Desember  Mike en Margaret van der Riet

5 Januarie  Virgie en Jackie Lavos
9 Januarie  Lukas en Annetjie van der Merwe

26 Februarie  Hennie en Mercia Combrink

# Blommetoer (Deel 1)

## 8 - 29 Augustus 2015

Dit is vroegoggend en koud by Bloekompoort, maar die deursnee Sawanant laat hom nie deur sulke onbenullighede afskrik nie. Om 7-uur, Sondag 9 Augustus, "tree" die konvooi lede aan om op die blommetoer te vertrek. Verskeie Sawa-familie van ander streke kom sien die konvooi af en goeie wense is aan die orde van die oggend. "Stuur foto's!", "Wens ons kan saamgaan.", "Is daar nie 'n ou plekkie vir my nie?"..... Die Hoër Hand word om seën en genade gevra. 'n Paar trane word weggevee. Tweerigtingradio's word getoets en daar word foto's van die vyf waens in die konvooi geneem. Die Brankens, Böhnens, Combrinks, van Heerdens en van Deventers skop af met die eerste skof.

Klerksdorp is die volgende punt waar nog twee konvooi-lede aansluit: die Schönefelds en de Beers. 'n Vinnige ontbyt word genuttig. Die de Beers kry teëspoed en skryf een van die bande van hulle ryhuis af. By Mama's (Vryburg) sit ons aan vir middagete wat vooraf gereël is. Die diens is puik, so ook die geregte en die atmosfeer gesellig. Hulle het ons letterlik ingewag.

Ons arriveer by Shomatobe Lodge, net buite Kuruman, waar die Burgers en Mosterts ons inwag. Ons gaan hier oornag. Hierdie oord word nie hoog aangeskryf nie. Daar word vinnig met kennisse en verbintenisse reëlings getref om die volgende oggend vir Thys en Stienie 'n band vanaf Johannesburg gereed te hê en dit was ook so. Hennie Burger se mense verstaan die kuns om iemand in nood vinnig en effektief by te staan.

Ons tref Kathu se Wimpy vir ontbyt. Bettie Branken voel nie wel nie, maar kry darem by 'n apteek die nodige medikasie. 'n Vreemdeling kom na ons toe en lig ons in oor die vrugte-en-neute-winkel in Upington en dan net 'n bietjie verder is die brandewynkelder, maar die aantreklikhede word misgery. Die volgende afslaan plek is Augrabies waar die ape baie lastig en arrogant is. Party vir die eerste keer en ander vir die soveelste, keer besigtig dit wat die natuur hier bied met groot waardering en agting. Die valle is egter klein weens die min reën.




By Springbok sien ons die eerste tekens van blomme, maar minder as wat ons verwag het. Die inwoners sê die reën is laat. Die inligtingsentrum gee 'n paar aanbevelings met kaarte. Ons kamp by Namastat, suid van die dorp. 'n Hotel word naas die woonwapark gebou. Die geraas van die konstruksiewerk is 'n bietjie steurend en die ablusieblok kort dalk meer aandag. Party kry koers na Port Nolloth, ander na Goegap en party sommer net die veld in op 'n boer se plaas. Hennie Combrink kom agter dat een van die bande op sy woonwa slegs afgeloop is en dink daaraan om die toer te groet. Sy band word in die woonwapark deur die bande plek omgeruil en ons bly voltallig. Ons doen navraag om die veelbesproke restaurant te kry waar skaapnekke bedien word. Die restaurant bestaan egter nie meer nie, maar die eienaar van 'n restaurant sien kans vir so 'n uitdaging en die volgende aand smul ons aan sy poging. Hy dink selfs daaraan om dit dalk maar as 'n keuse op sy spyskaart te plaas toe ons hom komplimenteer. Pieter Branken stoei met sy woonwa se gastoevoer na die yskas en Elize van Heerden kla dat die mikrogolfoond in hulle nuwe wa los is. Beide se probleme word uitgesorteer en daar besluit Johan se motor dat hy 'n nuwe battery wil hê. Na 'n lang soektog kry Johan darem een wat die enjin gelukkig kan hou. Die Kaap is weer Hollands. Die warm toer baadjies kom handig te pas om die koue aande darem meer aangenaam te maak.
By Kamieskroon sien ons meer blomme. Ons slaan kamp op by Verbe met 'n pragtige uitsig na die Kamiesberge. Die oord is tans in die mark. Dit is egter in 'n goeie toestand en die ablusiegeriewe verklap dat 'n vroue hand oor die afwerking gehou word. Die water is egter so brak dat selfs melk dit self in die koffie bymekaarmaak. Ons besoek die suidelike deel van die Namakwa Natuurreservaat en ry die Skilpad-roete. Hier sien ons Namakwa se blomme glorie: plate madeliefies wat vol in blom is en soos 'n oranje kombers oor die veld gedrapeer is. Verder suid, by Wallekraal, is dit weereens 'n aanskoulike gesig: 'n wit kerkie met 'n spierwit kombers aan sy voete. Die kameras se geheues word nou vinnig voller. Edith Böhnen verloor haar selfoon en almal help soek. Sy moet egter die foon as gesteel aanmeld, maar kry die selfoon in haar kampstoel. Die son het egter nog nie opgekom nie, want nou moet die situasie weer herstel word. Johan van Heerden se nuwe wa maak vreemde geluide by sy nuwerwetse koppelstuk. Dit klink nogal erg, maar die vervaardiger verseker hom dat dit nie so ernstig is nie. Dit is veronderstel om nie gesmeer te word nie.( *Word vervolg in volgende uitgawe* )


WILLIAM DE SOUZA
ENGINEERING CC
Specialising in engine rebuilding and gearbox
Cell: 083 306 7258
Fax: (011) 362 4872
E-mail: wdseng@telkomsa.net
P.O. Box 10266 Strubenvale 1570


M.S.S FORKLIFT SALES C.C.
- Sales & Service of all types of forklifts -
Vernon - 072 463 9049
Michelle - 082 850 7552
TEL: 011 432 7003
FAX: 011 432 3059
P.O. Box 654
Rosettenville
2130
- Genuine & replacement Parts for all makes of forklifts -



# Humor


Hallo, skat.
Middag, my bokkie.


LEWE
KAASKRUL
Ag, druk vir ons 'n drie daar, Japie.
© www.kaaskrul.com

# Uit die Kombuis



**KOFFIEKOEK IN TERTPAN**

1 ½ k koekmeel
1 t koffiepoeier
4 eiers
2 e botter
4 e water

2 t bakpoeier
½ t sout
1 k suiker
4 e melk
1 e vanielje geursel

Sif koekmeel, bakpoeier, koffiepoeier en sout saam. Klop eiers en suiker tot room. Smelt botter, voeg melk en water plus vanielje by. Klits alles saam. Gooi in oondpan en bak vir 20 minute. Haal uit oond en steek gate met vurk in.

**Stroop**

12 e suiker
1 e vanielje

2 e koffie
1 ½ k water

Kook stroop voor koek uitkom en gooi oor koek. Smeer karamel kondensmelk oor koek as dit nog warm is en laat afkoel. Klits 1 pakkie "butterscotch" kitspoeding met 1 k melk. Klits 250 ml room styf en meng met poeding. Smeer oor koek en strooi 1 groot "flake" oor.

(Ingestuur deur Jackie Lavos)



# Knutselblad



# Smous hoekie

Wil jy braai vanaand, maar jou houtskool of vuuraanstekers is op?
Skakel vir Dries Brandt by telefoon nommer 011 814 6394 of 083 234 9563.
Hy verkoop ook potjieprutters en potjiedekselstaanders.

-------------------------

Vir lekker tuis-gebakte klein koekies en beskuit bel vir Mercia Combrink by 0726176999

*( Baie dankie aan tannie Mercia wat aangebied het om 10% van die verkope op 'n kamp aan die jeugfonds te skenk. Red.)*

-------------------------


*As jy wil adverteer in die smoushoekie e-pos my by mags.randall@yahoo.com*



# Jaarprogram 2016

| Maand | Datum | Plek | Kamp/Kmndt |
|---|---|---|---|
| Januarie | 20-21 Snrb | Bloekompoort | Pieter en Bettie Branken |
| | 22-24 | Bloekompoort | Johan en Elize van Heerden |
| Februarie | 26 - 28 | Sionbergh | Hennie en Mercia Combrink, Toy en Marianne Kruger |
| Maart | 25 - 28 | Presidente | |
| April | 15 - 17 | Riverside Beach club | Virgie en Jackie Lavos, Dries en Martie Brandt |
| Mei | 13 - 15 | Stable Inn | Doedies |
| Junie | 16 - 19 | Gebied Warmbad | |
| Julie | Geen | | |
| Augustus | 10 - 11 Snrb | Bloekompoort | Pieter en Bettie Branken |
| | 12 - 14 | Bloekompoort | Bestuur |
| September | 23 - 25 | Nasionaal | |
| Oktober | 21 - 23 | Stable Inn | Virgie en Jackie Lavos |
| November | 9 - 10 Snrb | Bloekompoort | Pieter en Bettie Branken |
| | 11 - 13 | Bloekompoort | Jeug |


dsp
Dynamic Signs & Print cc
011 811 5477
dsp.print@gmail.com
www.dspdotprint.co.za
www.facebook.com/dsp.print
Copy Centre
High Volume Copying
Laminating & Encapsulation
Stamps & Frames
Binding - Ring, Wire,
Punch & Perfect
Silk Screening
ABS, Correx & Chromodek
Licence Discs,
Stickers & Labels
Shirts, Overalls,
Bags & Caps
Printing
Graphic Design
Flyers & Business Cards
Letterheads, Comp-slips,
Books, Invitations,
Stickers & Labels
Signage
Correx & Chromodek
Vehicle Signage,
Vehicle Wraps
Shopfronts & Light Boxes
Digital Printing
Posters, Banners, Canvas
Pull-Up Banners
Other
Sandblasting &
Lazer Engraving


60 YEARS
OF SERVICE TO THE
CAMPING COMMUNITY
CAMPWORLD
Clarendon Campworld cc
Springs
JURGENS
Gypsey
Sprite
Clarendon Caravans & Camping (Pty) Ltd, 49 Geduld Rd, Geduld Ext. Springs
Tel: 011 811 9900/1/2, Fax: 011 811 3270, P.O.Box 15575, Riverfield, 1564
Co Reg. no. 1968/03646/07 Director: Gert Scheepers - 082 820 8400
Sales: Johan Viljoen 073 788 4358